

DISSIPELSKAP. LES 21

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	AANBIDDING (20 minute)	[KENMERK VAN GOD] GOD IS KREATIEF
---	------------------------	--------------------------------------

Tema: GOD is kreatief.

Lees hierdie uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

Lees Psalm 139:13-18. Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

God het die menslike liggaam fantasties geskep! God is die Skepper van groei. Die groeiverskynsel is 'n wonder! Die menslike liggaam groei en vernuwe homself onophoudelik. God is nie alleen die Skepper van die heel grootste dinge in die heelal (die sterre) nie, maar ook van die allerkleinste vorme van lewe.

1. Die stolling van bloed.

As mens 'n sny opdoen, bloei die wond net vir 'n kort rukkie. Die bloed begin dan stol en vorm 'n kors wat voorkom dat jy doodbloei. Die stolling van bloed is 'n baie ingewikkelde proses en vereis 'n uiters noukeurige volgorde om 'n ramp te voorkom. Die bloedsomloopstelsel in jou liggaam is onder druk en as daar 'n lekkasie kom, moet die gat so gou moontlik toegemaak word, anders bloei 'n mens dood. As die bloed egter op 'n verkeerde tydstip en verkeerde plek gaan stol, vorm daar 'n bloedklont wat die bloedsirkulasie laat ophou en 'n hartaanval of beroerte kan veroorsaak. Die stolling van die bloed moet dus net tot die wond self beperk word. Anders sou die bloed in die hele liggaam stol en die mens sterf.

Groot hoeveelhede ensieme (proteïene wat 'n chemiese reaksie aan die gang sit) in passiewe vorm word in die liggaam opgeberg en is gereed om geaktiveer te word wanneer dit nodig is. Die bloedstollingsproses is soos 'n rivier met klein watervalletjies: één komponent aktiveer 'n tweede komponent, wat op sy beurt weer 'n derde komponent aktiveer, ens. In één gedeelte bevorder bepaalde ensieme die stolling van bloed. Maar in 'n ander gedeelte voorkom ander ensieme die stolling van die bloed, stel vas waar 'n bloedklont is en los dit op! Al hierdie ensieme is op hulle beurt weer afhanklik van ander ensieme om te kan funksioneer (om 'n bepaalde funksie te aktiveer, te vermeerder, of te vertraag en uiteindelik tot stilstand te bring). Al hierdie ensieme is noodsaaklik om die bloeding van die wond te stop en daarna onmiddellik op te hou met die stollingsproses. Die sisteem van bloedstolling is een enkele sisteem met 'n groot aantal ensieme wat op mekaar inwerk om uiteindelik die bloedstolling teweeg te bring. As één onderdeel sou ontbreek, sou die sisteem nie meer kan funksioneer nie. Alleen God kan so 'n komplekse, maar perfek funksionerende sisteem vir die stolling van bloed bedink (en skep)!

2. Die selle in die menselike liggaam.

Die menslike liggaam bestaan uit ontelbare aantal selle. Daar word geskat dat één kilogram van die liggaam wel 2 000 000 000 000 (12 nulle) selle bevat! Elke sel bestaan uit 10 baie klein kraginstallasies wat al die energie produseer wat nodig is vir alle funksies in die menslike liggaam. Elke kraginstallasie produseer energie vir werk, hardloop, dink en praat en vir die vele ander funksies van die liggaam. Elke sel is kleiner as 1 mikrometer (d.w.s. een duisendste van 1 millimeter)! Hierdie bron van energie is so klein en tog produseer alle selle saam al die energie wat die menslike liggaam nodig het!

3. De longsakkies van die menslike long.

Die menslike long bestaan uit 'n groot aantal klein buisies met 'n longsakkie aan die einde. Daar word geskat dat daar meer as 600 000 000 longsakkies in 'n mens se twee longe is! Die wand van hierdie longsakkies is vol klein bloedvate wat die suurstof in die longe opneem en na alle liggaamsdele vervoer. Die wand van hierdie longsakkies is so vernuftig inmekaar gevou dat as jy hulle sou platvee en gladstryk sal hulle 'n sokkerveld kan bedek! Dink net om iets so groot soos 'n sokkerveld op te vou sodat dit in 'n mens se borskas kan inpas!

Deur middel van die sterkste mikroskope kan ons vandag die selle en longsakkies in die menslike liggaam bestudeer. Maar WIE het hierdie selle en longsakkies geskep? Selle en longsakkies is van die allerkleinste lewende dingetjies in die skepping! Die Bybel sê dat GOD hierdie dinge so fantasties gemaak het! As ons nie eers die wonder van die skepping van die menslike liggaam kan deurgrond (verstaan, begryp) nie, hoe kan ons dan die Skepper en sy wese deurgrond (begryp)? Die bestaan van so 'n fantasties geskape menslike liggaam wys na die bestaan van 'n nog fantastieser Skepper!

Aanbidding.

Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) God aanbid as die wonderlike Skepper van die kleinste dinge wat bestaan en van ondenkbare komplekse sisteme in die menslike liggaam.

3	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] ROMEINE 1 - 4
---	------------------	------------------------------

Maak beurte en deel/vertel kortliks (of lees van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes (Romeine 1-4). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

4	ONDERRIG (70 minute)	[HEILIGE GEES] DIE PERSOON EN WERK VAN DIE HEILIGE GEES
---	----------------------	--

Die volgende lesse in Dota gaan oor die Heilige Gees:

Handleiding 2, les 21.	Die Persoon en werk van die Heilige Gees
Handleiding 2, supplement 9	Die Heilige Gees staan Christene in hul swakhede by
Handleiding 4, les 45.	Die doop met die Gees, die vervulling met die Gees en die vrug van die Gees
Handleiding 7, les 35.	Die genadegawes van die Gees
Handleiding 7, supplement 12	Addisionele genadegawes van die Gees

A. DIE AARD VAN DIE HEILIGE GEES

1. Die Heilige Gees is 'n Persoon.

(1) Die Heilige Gees is persoonlik.

Die Heilige Gees is nie 'n onpersoonlike krag of invloed nie, maar 'n Persoon. Hy spreek die waarheid (Johannes 14:16-17), doen voorbidding vir ons in ooreenstemming met God se wil (Romeine 8:27), wil wat in stryd is met wat die sondige natuur van die mens begeer (Galasiërs 5:17) en word bedroef deur die sonde (Efesiërs 4:30-31).

(2) Die verhouding met die Heilige Gees.

Die feit dat die Heilige Gees 'n Persoon is, is baie belangrik vir hoe ons Hom ervaar. As die Heilige Gees alleen maar 'n krag of invloed was, sou ons belangrikste doel wees: "Hoe kan ek meer van die Heilige Gees besit? (30%, 40% ens.). Maar die Heilige Gees is 'n Persoon, en daarom sal ons voortdurende houding die volgende moet wees: "Hoe kan die Heilige Gees steeds meer van my besit neem?" "Hoe kan die Heilige Gees steeds oor meer terreine van my lewe heers?" "Hoe kan ek 'n beter verhouding met die Heilige Gees kry en myself meer aan Hom en sy leiding oorgee?"

2. Die Heilige Gees is God.

(1) God het Hom geopenbaar as die Vader en die Seun en die Heilige Gees

(vgl. ook handleiding 2, supplement 8).

Christene glo in één God, in één Goddelike Wese (Markus 12:29). Maar God is ondeurgrondelik (Job 11:7-8; 1 Timoteus 6:15-16) en daarom kan geen mens God definieer of sy goddelike natuur beskryf nie. Christene glo dit wat God Self oor sy wese in die Bybel geopenbaar het.

Hoewel die aard (natuur, wese) van God ondeurgrondelik is, het God Homself geopenbaar en uitgedruk op 'n manier dat mense Hom kan ken. God het Hom geopenbaar:

- in *dade* in die menslike geskiedenis (Jesaja 43:13)
- in *woorde* wat tot mense gespreek is (Matteus 4:4),
- in *verskynings* van die Engel van die Here en in vuur (Eksodus 3:3-4)
- in 'n *menslike liggaam* op aarde (Genesis 18:1-3; Johannes 1:1,14,18; Filippense 2:5-8; Kolossense 1:15,19; Kolossense 2:9; Hebreërs 1:1-3)
- en in die *alomteenwoordige Heilige Gees* wat in nie-alomteenwoordige mense woon (Romeine 8:9-10).

God is die onsigbare en alomteenwoordige Gees (Johannes 4:24), maar sonder om sy Goddelike natuur te los, het Hy in Jesus ook die nie-alomteenwoordige menslike natuur aangeneem. Dus God, Wat vóór en bó die skepping bestaan, het in Jesus Christus sy eie skepping en die menslike geskiedenis binnegetree (Johannes 1:1,14)!

Nadat Jesus sy verlossingswerk op aarde voltooi het en na die hemel opgevaar het, keer Hy as die alomteenwoordige Heilige Gees na die aarde toe terug en leef in die nie-alomteenwoordige liggame van menslike individue (Johannes 14:16-18). Deur die hele menslike geskiedenis heen tot vandag pas Hy die voltooide verlossingswerk van Jesus Christus van tweeduisend jaar gelede in die lewens van mense toe (Johannes 16:13-15; Romeine 8:9-11). Hy woon ook in die Gemeente (Kerk), wat die Liggaam van Christus genoem word (Efesiërs 2:22).

Dus God is die onsigbare Gees

- aanwesig in die heelal
- aanwesig in die Gemeente
- en aanwesig in die liggaam van elke Christen (1 Korintiërs 6:19-20).

Só word die werklike bestaan van God die Heilige Gees ook sigbaar in God se skepping, in die menslike geskiedenis, in die Christelike Gemeente/Kerk en in die Christen.

In die Bybel openbaar God dat daar 'n innerlike onderskeiding bestaan in *die eenheid* van die goddelike natuur. Deur die hele Bybel openbaar God Homself in drie Persone: God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Al drie Persone deel in die één goddelike natuur en is volkome God (Matteus 1:23; Hebreërs 1:3,8-9; Romeine 8:9-10). Die uitdrukking “Persoon” (Grieks: hupostasis) verwys hier nie na 'n individuele persoon (soos ons as mense “persoon” algemeen verstaan) nie, maar verwys na die innerlike onderskeiding binne die eenheid van die goddelike natuur. Hierdie innerlike onderskeiding in die eenheid van die goddelike Wese word in die teologie “die Drie-eenheid” genoem. Die woord “drie” is dus geen aanduiding van 'n getal (individue) nie, maar is 'n aanduiding van die innerlike verskille in die bestaanswyse en openbaringe van één goddelike Wese.¹

Christene word met water gedoop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees (Matteus 28:19). Die woord “die naam” staan in die enkelvoud en nie in die meervoud nie! Die één naam van God openbaar dat die goddelike natuur (wese) één is (Deuteronomium 6:4). En die woorde “Vader, Seun en Heilige Gees” openbaar dat daar in die eenheid van die goddelike natuur (wese) 'n onderskeid is. Daarom word Jesus Christus “God met ons”, “die Seun van God” en selfs “God”² genoem. En daarom word die Heilige Gees “die Gees van God”, “die Gees van Jesus”, “die Gees in julle” (Romeine 8:9-10; Handeling 16:7) en selfs “God” (Handeling 5:3,5) genoem.

(2) Die inherente eienskappe van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees het dieselfde inherente eienskappe as God, soos heiligheid (Romeine 1:4), lewe (Romeine 8:2), liefde (Romeine 15:30), waarheid (Johannes 16:13) en ewigheid (Hebreërs 9:14). ‘Waarheid’ en ‘liefde’ is eienskappe wat nie op sigself kan bestaan of iets beteken nie, maar word deur die Vader, die Seun en die Gees gedeel (d.i. deur die innerlike onderskeiding binne die eenheid van die goddelike natuur) selfs al vóór die skepping (Genesis 1:26). Na die skepping word waarheid en liefde ook met mense gedeel!

(3) Die eienskappe van die Heilige Gees m.b.t. die heelal.

Die Heilige Gees het presies dieselfde eienskappe m.b.t. die heelal as God:

- Alomteenwoordig - God (Psalm 139:7-10) en die Heilige Gees (Johannes 14:16-17).
- Almagtig - God (Genesis 1:1-2) en die Heilige Gees (Psalm 104:30).
- Alwetend - God (Psalm 139:1-4) en die Heilige Gees (1 Korintiërs 2:10-11).

3. Die name van die Heilige Gees.

(1) In die Ou Testament.

Die Ou Testament verwys 90 keer na die Heilige Gees, met 18 verskillende name. Sommige name beskryf sy verhouding tot God, soos “die Gees van God”. Sommige name beskryf sy aard of karakter, soos “die Heilige Gees”. En sommige name beskryf sy werk in mense, soos “die Gees van wysheid” (Jesaja 11:2).

(2) In die Nuwe Testament.

Die Nuwe Testament verwys 254 keer na die Heilige Gees, met 39 verskillende name. Sommige name druk sy verhouding uit tot God die Vader (Matteus 10:20) en God die Seun (Romeine 8:9-10). Sommige name bevestig sy goddelike wese, soos “Die Here is die Gees” (2 Korintiërs 3:17). Sommige name openbaar sy wesenlike aard of karakter, soos “die Heilige Gees”. En ander name beskryf sy werk in mense, soos “die Gees van waarheid” (Johannes 14:17) en “die Gees van genade” (Hebreërs 10:29).

4. Die simbole van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees word ook aangedui met verskillende simbole.

(1) Die simbool van vuur (Handeling 2:3; Matteus 3:11-12).

“Die tonge van vuur” wat op die Pinksterdag op die gelowiges gekom het, was 'n simbool van die doop met die Gees. “Die doop met die Gees” beteken dat gelowiges die Heilige Gees ontvang en in die Koninkryk van God ingaan. “Die doop met vuur” is 'n aanduiding dat die ongelowiges na die hel toe gaan.³

(2) Die simbool van wind (Johannes 3:3-8; Handeling 2:2).

“n Geweldige stormwind” was 'n simbool van die onsigbare mag van die Heilige Gees wat deur mense ervaar word. “Hy waai waar Hy wil” is 'n simbool dat die werk van wedergeboorte en verandering in die mens van die Heilige Gees onvoorspelbaar en onweerstaanbaar is!

¹ Dink aan die verskillende bestaanswyse en openbaringe van 'n man: Hy is die seun van sy vader, die eggenoot van sy vrou en die vader van sy seun. Tog bly hy in sy aard één menslike wese.

² Jesus Christus is God (Johannes 1:1; Romeine 9:5; Kolossense 2:9; Titus 2:13; 1 Johannes 5:20).

³ Vers 11 word deur vers 12 verder verklaar.

(3) Die simbool van water (Johannes 7:37-39).

“Strome van lewende water” simboliseer die Heilige Gees as die Bron van die volmaakte verlossing en ewigdurende voldoening. Die Heilige Gees maak Christene ’n kanaal van baie seëninge vir ander mense.

(4) Die simbool van olie, seël en onderpand (waarborg) (2 Korintiërs 1:21-22).

“Die salwing met olie” is ’n simbool van die Heilige Gees wat in besonder die Christen toerus vir sy profetiese, priesterlike en koninklike take op aarde. “Die seël” is ’n simbool van die Heilige Gees wat die Christen waarmerk as waarlik ’n wedergebore mens (Efesiërs 1:13), dat die Christen die eiendom van Jesus Christus geword het en te alle tye deur God beskerm word. “Die onderpand is ’n simbool dat die Heilige Gees die waarborg van God is dat God die volledige erfdeel (naamlik, die Koninkryk van God in sy laaste fase op die nuwe aarde) vir die Christene sal laat toekom.

B. DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES IN MENSE

Die Heilige Gees is nou die Verteenwoordiger van Jesus Christus op aarde en pas die voltooide verlossingswerk van Jesus Christus toe in die lewens van Christene oral in die wêreld.

1. Die Heilige Gees verteenwoordig Jesus Christus.

(1) Die Heilige Gees is die Verteenwoordiger van Jesus Christus.

Jesus Christus het beloof dat Hy sy dissipels nie as wesies agterlaat nie, maar dat Hy Sêlf na hulle sal kom as ’n ander Pleitbesorger of Voorspraak (Nuwe vertaling) (Grieks: paraklétos) (Johannes 14:16-18). Die woord word ook met “Advokaat”, “Raadsman”, “Trooster” en “Helper” vertaal, maar kan die beste vertaal word met “Verteenwoordiger”, “Iemand wat geroep word om langs jou te kom staan en jou te help”, veral teen ’n aanklaer.

Die Heilige Gees is bo alles die Verteenwoordiger van Jesus Christus. Hy het die dissipels van Jesus Christus alles wat hulle moes weet, geleer en herinner hulle aan alles wat Hy op die aarde vir hulle gesê het (Johannes 14:26). Daarom was die dissipels ook in staat om die Nuwe Testament te skryf. Die Heilige Gees getuig van Jesus Christus (Johannes 15:26). Daarom kon die dissipels van Jesus ook die getuies van Jesus Christus (sy wese, sy lewe, sy dood, sy opstanding, sy voltooide verlossingswerk en sy hemelvaart) tot aan die eindes van die aarde wees (Handelinge 1:8). Die Heilige Gees lei hulle in die volle waarheid van Jesus. Hy bepleit Christus se saak, verdedig Christus se naam, beskerm die belange van Christus en beheer alles wat aan Christus behoort. Hy verander Christene sodat hulle soos Christus begin lyk (2 Korintiërs 3:17-18). In kort, Hy verheerlik Jesus Christus in die ervarings van Christene en in die Gemeente (Johannes 16:13-15)!

Beide die Heilige Gees en Jesus Christus word ná sy hemelvaart “die Verteenwoordiger” (Grieks: paraklétos) genoem. Die Heilige Gees is nou die Verteenwoordiger van Jesus Christus in Christene op die aarde (Johannes 14:16,26). En Jesus Christus is nou die Verteenwoordiger van Christene by God die Vader in die hemel (1 Johannes 2:1). Terwyl die Heilige Gees namens Jesus Christus tot Christene op aarde spreek (Johannes 16:13-15), spreek Jesus Christus namens die Christene op aarde tot God die Vader in die hemel (Hebreërs 7:25; Hebreërs 9:24) (vgl. handleiding 2, supplement 9). Na sy menslike natuur is Jesus Christus beperk tot die hemel (Handelinge 2:33), maar na sy Goddelike natuur is Jesus Christus alomteenwoordig: in die hemel (Efesiërs 1:20-21) en op die aarde (Matteus 28:20). Ook die Heilige Gees is alomteenwoordig: in die hemel (Johannes 4:24; Romeine 8:26-27) en op die aarde (Handelinge 2:33).

(2) Die Heilige Gees is Jesus Christus in Christene.

Voor Jesus Christus opgevaar het na die hemel was Hy die Verteenwoordiger van God by die mense op aarde. Hy was en is nog steeds “God met ons” (Matteus 1:23). Maar m.b.t. sy menslike liggaam is Jesus Christus nou nie meer op die aarde nie, maar in die hemel (Lukas 24:50; Handelinge 1:9).

Vanuit die hemel het Hy “’n ander Pleitbesorger (Voorspraak, Nuwe Vertaling) of Verteenwoordiger” vir die Christene gestuur (Johannes 14:16). Jesus het nie bedoel “’n ander Persoon” nie, maar “’n ander Verteenwoordiger” net soos Hy op die aarde was. Hy is die Verteenwoordiger van God die Vader en van God die Seun by Christene op die aarde. Tydens sy eerste koms na die aarde was Jesus Christus die Verteenwoordiger van God by die mense op aarde. Hy was God wat in Jesus Christus die menslike natuur aangeneem het en sy skepping en die menslike geskiedenis binnegekom het as God-Mens. Nôú in die teenwoordige tyd is die Heilige Gees die Verteenwoordiger van God en van Jesus Christus by mense op aarde. Die Heilige Gees is dus aan die Christene gegee om vir hulle op aarde te wees wat Jesus vir die mense was toe Hy Sêlf op aarde was!

Toe Jesus Christus nog op aarde was, was Hy in sy menslike liggaam beperk tot ’n bepaalde plek op aarde (Palestina) en beperk tot ’n bepaalde periode in die menslike geskiedenis (ongeveer 4 v.C. tot 30 n.C.). Maar nadat Jesus Christus verhoog is (opgevaar het na die hemel) deur die regterhand van God die Vader (die instrument) en tot die regterhand van God die Vader (die plek van verhoging) (Efesiërs 1:20-21; 1 Petrus 3:22), ontvang Hy van die Vader die vroeër gemaakte belofte (Joël 2:28-29 ; Joël 3:1-2) dat die Heilige Gees en sy sigbare en hoorbare invloed op Christene op aarde uitgiet sou word. “Uitgiet” beklemtoon sowel die oorvloed as sy neerdaal van bo af op Christene) (Handelinge 2:33). Die Heilige Gees as die Gees van God en die Gees van Christus is nie beperk tot een plek op aarde nie en ook nie tot een spesifieke periode in die menslike geskiedenis nie. Die Heilige Gees het nie die menslike natuur nie, maar woon wel in mense (Christene). Die Heilige Gees het die werk van Jesus Christus as Verteenwoordiger op aarde voortgesit! Die Heilige Gees leef vir altyd met Christene en in Christene (Johannes 14:16-17)!

Die Heilige Gees en Jesus Christus kan nie van mekaar geskei word nie. Hulle kan ook nie afsonderlik van mekaar deur die mens ontvang word nie, omdat hulle één Goddelike wese is en één Goddelike natuur het. Die Heilige Gees is: “God by ons” en “God in ons” (Johannes 14:16-17). Hy is: “die Gees van Christus in ons” en “Jesus in ons” (Romeine 8:9-10). Die Heilige Gees word aan Christene gegee om vir hulle op aarde te wees wat Jesus sou wees as Hy nog as mens Sêlf op aarde aanwesig sou wees!

2. Die Heilige Gees oortuig die wêreld.

Die woord “oortuig” (Grieks: elenchó) beteken: om te ontmasker, te oortuig, te berispe, te weerlê en selfs te straf.

(1) Die Heilige Gees oortuig mense van sondes.

Die Heilige Gees maak duidelik wat “sonde” beteken: “om die doel van God te mis”. Hy bring sonde as ’n realiteit aan die lig. Hy ontmasker die goddeloosheid en ongeregtheid van mense. Hy maak hulle bewus daarvan dat hulle in ’n verkeerde verhouding tot die God van die Bybel staan, dat hulle geen liefde vir God het nie, dat hulle onafhanklik van God wil lewe en teen God rebelleer. Hy oortuig mense van hulle selfgenoegsaamheid, selfgerigheid, selfsug, eiegeregtheid en eiesinnigheid. En Hy maak hulle ook bewus daarvan dat hulle in ’n verkeerde verhouding tot ander mense staan en ander mense nie liefhet nie. Hy oortuig hulle daarvan dat hulle dinge doen wat God verbied en dinge nalaat wat God gebied. So leer Hy mense wat die natuurlike mens van nature is: ’n sondaar wat besig is om verlore te gaan. Hy bring die ware karakter en gedrag van mense in sy heilige lig en laat hulle besef dat hulle ’n Verlosser en Heer baie nodig het. Die Heilige Gees berispe die kwaad van mense, weerlê hulle argumente, oortuig hulle van hulle skuld en gee hulle ’n diepe besef van skuld, skande en berou.

(2) Die Heilige Gees oortuig mense van geregtigheid.

Die Heilige Gees oortuig mense enersyds van die waarheid, werklikheid en noodsaaklikheid van die geregtigheid wat God deur die dood en opstanding van Jesus Christus vir gelowiges bewerk het ten einde mense van die sonde en die dood te verlos. Hy oortuig mense dat Jesus Christus die menslike natuur moes aanneem en aan die kruis moes sterwe ten einde versoening van sondes te bewerk (Lukas 24:26,44; Johannes 3:14). Hy oortuig mense daarvan dat Jesus Christus uit die dood moes opstaan ten einde die troon in die hemel te bestyg en die wêreld te oorwin.

Die Heilige Gees oortuig mense andersyds van die geregtigheid wat God van mense vereis. Tensy ’n mens die volmaakte (100%) geregtigheid in die oë van God besit, kan hy nie verlos word nie. As ’n mens die hele wet onderhou maar in een enkele opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie (Jakobus 2:10; Galasiërs 3:10)! Die Heilige Gees oortuig mense dat hulle in Jesus Christus moet glo ten einde die volmaakte geregtigheid van Jesus Christus te ontvang (1 Korintiërs 1:30; 2 Korintiërs 5:21). Dus, Hy oortuig mense van die moontlikheid om in God se oë geregverdig te word, maar slegs as hulle hul bekeer en in Jesus Christus glo.

(3) Die Heilige Gees oortuig mense van oordeel.

Die Heilige Gees oortuig mense dat so seker as wat die duiwel deur die dood en opstanding van Jesus veroordeel is (Lukas 10:18; Johannes 12:31; Kolossense 3:15; Hebreërs 2:14; Openbaring 12:1-12), net so seker sal ongelowiges veroordeel word (Matteus 25:41). Hy oortuig hulle van die waarheid, werklikheid en noodsaaklikheid van God se oordeel as hulle die waarheid in die Bybel en Jesus Christus bly verwerp. Die Heilige Gees laat mense besef dat hulle regtig verlore is en die ewige oordeel en verdoemenis verdien, tensy hulle hul bekeer en glo (Johannes 3:16-18,36; Johannes 16:8-11; Romeine 1:18,28-32.).

3. Die Heilige Gees verander Christene.

Wat Jesus Christus op Goeie Vrydag en Paassondag vêr terug in die verlede moontlik gemaak het, maak die Heilige Gees van Pinkster af in die teenwoordige tyd tot ’n werklikheid. Die voltooide verlossingswerk wat Jesus Christus met sy eerste koms op aarde verdien het, word in die teenwoordige tyd deur die Heilige Gees in die lewens van gelowiges toegepas.

(1) Die Heilige Gees laat mense weergebore word.

Jesus het gesê dat ’n mens weergebore moet word as hy in die Koninkryk van God wil kom (Johannes 3:3-8)! Wedergeboorte is *die verwesenliking in die tyd van God se doel in die ewigheid* (2 Tessalonisense 2:13-14; Efesiërs 1:13). God werk sy ewige doel in die menslike geskiedenis uit deur mense in die tyd deur die verkondiging van die evangelie te roep. Hy red hulle deur die wedergeboorte en die vernuwende krag van die Heilige Gees (Titus 3:5). Hy gee hulle deel aan die goddelike natuur (2 Petrus 1:4), d.w.s., hulle deel nie ontologies (in wese) aan die goddelike natuur nie⁴, maar deel wel in die goddelike eienskappe soos liefde, heiligheid en geregtigheid. Hy doen dit op ’n manier dat die Christene wêét en ervaar dat hulle inderdaad weergebore en vernuwe is. Die Heilige Gees getuig in die hart van die Christen dat die Christen ’n kind van God geword het, dat “God in die Christen” en “die Christen in God” leef (Romeine 8:16; 1 Johannes 2:20,27; 1 Johannes 4:13). Die Christen word nooit “God” nie, maar God woon wel in die Christen deur sy Heilige Gees (1 Korintiërs 3:16). Sy doel is om Christus te verheerlik deur die voltooide verlossingswerk van Christus in die lewens van Christene toe te pas.

Die “wedergeboorte” is ’n absoluut soewereine werk van God (Titus 3:3-7). Daarom bely Christene dat hulle alleen deur God se liefde, barmhartigheid en genade gered word (Efesiërs 2:8). Die Heilige Gees dring deur tot in die gewete

⁴ Hulle word nie ‘god’ nie!

van die mens, sodat hy hom bekeer, d.w.s. dat hy sy denke verander na die denke van God en dat hy hom afwend van sy selfgenoegsaamheid, die sondige wêreld en satan na God toe (Handelinge 2:37-42; Handelinge 26:18). Bekering sluit berou oor sonde en geloof in Christus in. Geloof is dus die gevolg van die soewereine roeping van God (Romeine 10:17), 'n gawe van God se genade (Efesiërs 2:8; Filippense 1:29; Handelinge 13:48) en tegelyk die middel waardeur 'n Christen geregtig word (Romeine 5:1). Geloof is die leë hand waarmee 'n mens die verlossing wat God uit genade aanbied met dankbaarheid aanneem (Johannes 1:12). Mense word deur die verkondiging van die evangelie tot bekering geroep (Markus 1:15; Handelinge 3:19; Handelinge 26:18; Romeine 10:14-17). Deur op die evangelie te reageer en te glo, word hulle geregtig (Romeine 3:22).

Die regverdiging lei tot:

- 'n nuwe verhouding tot God (Romeine 5:1)
- sekerheid van verlossing
- en tot die moontlikheid om 'n nuwe en heilige lewe te lei (Romeine 6:4-14).

(2) Die Heilige Gees gee absolute sekerheid dat Christene kinders van God is.

Die Heilige Gees gee aan 'n Christen die sekerheid dat hy 'n aangename seun (of kind) van God is – hy het “die Gees van seunskap” (Grieks) ontvang (Romeine 8:15-16; Galasiërs 4:5; Efesiërs 1:4-5,13; Handelinge 15:7-11). God gee aan die Christen drie grootse sekerhede:

- dat God hom volkome regverdig verklaar het (Romeine 8:33)
- dat God alle gebeure in sy lewe, hoe pynlik dit ook al mag wees, ten goede laat meewerk (Romeine 8:28)
- en dat God nie sal toelaat dat iets of iemand hom ooit sou kon skei van sy liefde vir hom nie (Romeine 8:381-39)!

(3) Die Heilige Gees laat mense die Woord van God hoor.

Die Bybel is die spesiale instrument van die Heilige Gees, sy “swaard”, waarmee Hy die denke, hart en lewe van sowel Christene as nie-Christene binnedring. Die Heilige Gees gebruik spesifieke Bybelverse soos bv. Matteus 4:4 om Christene te onderrig, te motiveer en hulle te verander in die verskillende situasies van hulle lewens (Efesiërs 6:17; Hebreërs 4:12). Hy lei die Christen in die hele waarheid van die Bybel en leer hom alles wat Jesus geopenbaar het (Johannes 16:13-15; Johannes 14:26).

Elke woord in die Bybel is deur God geïnspireer, is onfeilbaar en is gesaghebbend vir die leer (geloof) en die lewe (gedrag) van alle mense. Die Bybel is nuttig om die waarheid te leer, sonde te ontmasker en die sondaar te berispe, argumente teen God te weerlê, mense reg te help en terug te lei na God se weë, op te voed in wat goed en reg is in God se oë en toe te rus vir hulle lewenstaak (2 Timoteus 3:16-17).

Die Bybel is “die Woord van die waarheid” en die Heilige Gees is “die Gees van waarheid” (Johannes 17:17; Johannes 14:17). Die onpartydige woorde in die Bybel staan in skerp kontras met die subjektiewe profesieë en drome van mense (Jeremia 23:9-32). Die kenmerk van valse profete in Jeremia 23 is dat hulle voorspellings oor die toekoms maak (bv. dat geen onheil sal Israel tref nie). Maar die kenmerk van ware profete is dat hulle God se geopenbaarde woorde verkondig en mense oproep om hulle te beker. Christene moet altyd die subjektiewe leiding van die Heilige Gees in die hart toets aan die objektiewe Woord van God in die Bybel. Christene mag nooit verder gaan in hulle uitleg van die Bybel as wat in daar die Bybel geskryf staan nie (1 Korintiërs 4:6). Die Heilige Gees lei Christene veral d.m.v. die Bybel (wat natuurlik korrek uitgelê moet word). Daarom is die hoor, lees, bestudeer, mediteer (oordink), memoriseer (uit die kop leer), toepas en deurgee van die woorde in die Bybel uiters belangrik vir elke Christen!

(4) Die Heilige Gees laat mense die Woord van God gehoorsaam.

Die Heilige Gees maak dat mense die waarhede in die Bybel begryp (Efesiërs 1:17-18). Hy pas die waarhede van die Bybel in die denke, hart en lewens van Christene toe en bring hulle tot oorgawe aan die Woord van God. Heiliging bestaan veral daarin dat 'n Christen Jesus Christus gehoorsaam (1 Petrus 1:2)! God gee sy Heilige Gees aan mense wat Hom gehoorsaam is (Handelinge 5:32). Daarom sê die Heilige Gees, “Luister daarom na wat die Heilige Gees sê: “Vandag, as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het en My in die woestyn op die proef gestel het” (Hebreërs 3:7-8). Daarom het Christene ook die verantwoordelikheid om toe te sien dat “daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie. Maar solank daar nog 'n “vandag” is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie” (Hebreërs 3:12-13). Daarom: “Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê” (Openbaring 2:1,7). Daarom wil, kan en sal mense wat in ooreenstemming met die Gees lewe hulle onderwerp aan die Woord van God (Romeine 8:5-8; Kolossense 1:9-12). Die klem in die Bybel lê dus nie op die verkryging van Bybelkennis nie, maar op die gehoorsaamheid aan die woorde in die Bybel.

(5) Die Heilige Gees heilig Christene.

Die Heilige Gees heilig Christene sodat hulle steeds meer verander om aan die beeld van Jesus Christus gelyk te word (2 Korintiërs 3:17-18). Deur die krag van die inwonende Heilige Gees maak Christene die sondige wil en dade in hulle liggaam dood (Romeine 8:13). Hulle kies bewustelik om onder die beheer/leiding van die Heilige Gees te leef en die vrug van die Gees te dra. Die sondige natuur van die mens kom tot uiting in seksuele immoraliteit (onsedelikheid), onreinheid, losbandigheid, afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid (wilde partytjies) en al dergelike dinge. Maar die vrug van die Gees is liefde,

vreugde en vrede; geduld, vriendelikheid, en goeiehartigheid; getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Galasiërs 5:16,22-23).

Die uitdrukkinge: “lewe deur die Gees”, “julle deur die Gees laat lei” en “laat die Gees julle gedrag bepaal” beteken dat die Christen toelaat dat die Gees van Jesus Christus sy lewe beheer en hom beweeg om hom steeds meer te onderwerp aan die wil en gesag van Jesus Christus. Die sigbare bewys van die Heilige Gees wat in die Christen is, is die vrug van die Gees, veral die liefde (Galasiërs 5:13-26; Efesiërs 3:16-17).

Die Heilige Gees lei mense tot ’n diepe oortuiging van hulle verlore toestand, van die noodsaaklikheid om Jesus Christus te leer ken en te verheerlik, en die noodsaaklikheid om die Bybel te verstaan en te gehoorsaam. Die Heilige Gees bid ook vir die Christen in ooreenstemming met die volmaakte wil van God (vgl. handleiding 2, supplement 9). Hy bewerk ’n volkome verandering in Christene en hulle ervaar regtig hierdie verandering.

C. DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE GEMEENTE

Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag beteken drie dinge:

- Pinkster was God se seël op die feit dat Jesus Christus die verwagte Messias was (Handelinge 2:32-36). Die Heilige Gees verheerlik Jesus Christus in die Gemeente.
- Pinkster was die geleentheid waar die Gemeente gestig is (Handelinge 2:37-47). Die Heilige Gees het die aktiwiteite van die Gemeente bestuur.
- Pinkster het aan die dissipels krag gegee om hulle sendingtaak uit te voer (Handelinge 1:8). Die Heilige Gees het die sendingwerk van die Gemeente bestuur.

1. Die Heilige Gees verheerlik Christus in die Gemeente.

Die Heilige Gees woon in die midde van die Gemeente (Efesiërs 2:19-22). Sy funksie is eerstens om Jesus Christus te verheerlik in die ervaring en lewens van gemeentelide (Johannes 16:14-15). Daarom is die toets vir elke geestelike gebeurtenis of ervaring: “Word Jesus Christus hierdeur verheerlik?”

Die Heilige Gees gee ons persoonlike kennis van God en van sy heerlikheid (sy eienskappe of kenmerke) wat van die gesig van Jesus Christus afstraal (2 Korintiërs 4:6; Kolossense 1:15; Matteus 11:27). Hy leer ons alles wat ons moet weet, herinner ons aan die woorde van Jesus, getuig van Jesus, lei ons in die volle waarheid van Jesus (Johannes 14:26; Johannes 15:26; Johannes 16:13) en stel ons in staat om Jesus Christus as ons Here te bely (1 Korintiërs 12:3). Die Heilige Gees gee hierdie kennis van die Lewende God d.m.v. die verkondiging en onderrig van die Bybel, dat dit skriftelike getuienis oor Jesus Christus bevat (Johannes 20:30-32; Handelinge 8:35). Let wel daarop dat die Heilige Gees géén woorde sal sê wat Hy nie gehoor het nie (Johannes 16:13-15)!

Die toets van enige beweging (of groep of kerk) wat aanspraak maak op die Heilige Gees, hetsy in persoonlike of gemeentelike ervaring, is die plek wat gegee word aan Jesus Christus. Wanneer ’n Christen of gemeente ’n mens of ’n menslike ervaring verheerlik, dan ontbreek die kenmerk van die Heilige Gees. Die Heilige Gees kan dit nie verdra dat die liefde vir Jesus Christus afkoel nie, omdat die belangrikste funksie van die Heilige Gees die verheerliking van Jesus Christus in die ervaring van Christene en van die gemeente is.

2. Die Heilige Gees bestuur die aktiwiteite van die Gemeente.

Die Heilige Gees maak ’n Christen lid van die één wêreldwye Gemeente (Kerk) (1 Korintiërs 12:12-13) en maak dié Gemeente tot ’n woning vir God (figuurlik gesproke)(Efesiërs 2:21-22). Hy is verantwoordelik vir die goeie funksionering van die Gemeente en stel die ouderlinge (leiers) van elke gemeente aan (Handelinge 20:17,28). Ook hou Hy die leerstellings en praktyke van die gemeente suiwer (Handelinge 15:28). Hy lei die besprekings op so ’n manier dat ’n eenparige besluit geneem kan word (Handelinge 15:28). Vandag word daar dikwels op ’n demokratiese wyse gestem om tot ’n besluit te kom, maar dit mag nooit die geopenbaarde wil van God in die Bybel vervang nie! Die gemeente “moet luister na wat die Gees (van Jesus Christus) vir die gemeentes (meervoud) sê” (Openbaring 2:1,7) en die gemeente moenie iets leer of verkondig wat nie in die Bybel geskrywe staan nie. Letterlik sê Paulus in 1 Korintiërs 4:6, “Leer van ons (die gesegde): moenie wat (in die Bybel) geskrywe staan oorskry nie!”

Verder gee die Heilige Gees genadegawes aan elke Christen soos Hy wil (1 Korintiërs 12:11). Die Heilige Gees lei ook die verskillende bedieninge in die gemeente (Efesiërs 5:18-19; Efesiërs 6:18), soos getuienis, prediking, aanbidding, gebed, lofprysing en sang. Alleen die Heilige Gees kan Christelike byeenkomste tot iets geesteliks maak!

3. Die Heilige Gees bestuur die sendingwerk van die Gemeente.

Die Heilige Gees kies (selekteer) en roep bepaalde Christene om arbeiders of sendelinge te word (Handelinge 13:1-4). God alleen ken die harte van mense en weet watter mense geskik is vir die take wat gedoen moet word. Die gemeente behoort dan hierdie mense vry te stel om hulle roeping te vervul en hulle te steun met gebed en, indien moontlik, met finansies en andere middele. Die Heilige Gees gee vir elke Christen werker sy eie taak en toerusting vir hierdie werk (1 Korintiërs 12:4-6,11; vgl. 1 Korintiërs 3:5-9; Markus 13:34).

Deur die Heilige Gees sluit Jesus deure oop en toe (Openbaring 3:7-8; Kolossense 4:3; Handelinge 16:6-10). Hy lei die christenwerker na belangrike bekeerlinge (Handelinge 8:29-35). Hy alleen weet watter plek is strategies korrek en

watter mense is geskik vir die sendingtaak. Die Heilige Gees gee vir die arbeider of sendeling onderskeidingsvermoë om die planne van die bose geeste raak te sien en met Goddelike gesag op te tree (Handelinge 13:9-11), die arbeider te bemoedig in sy taak en nuwe gelowiges op te beur – selfs in moeilike omstandighede (Handelinge 13:49-52).

5	GEBED (8 minute)	<i>[REAKSIE]</i> BID IN ANTWOORD OP DIE WOORD VAN GOD
---	------------------	---

Maak beurte in die groep om **met 'n kort gebed (van een of twee sinne) tot God te bid** in antwoord op wat jy vandag geleer het. Of, verdeel die groep in groepies van twee en drie persone en bid met mekaar vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12)

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groepslede dit uitskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie oor die Persoon en werk van die Heilige Gees met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Romeine 5 - 8. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (5) Efesiërs 6:1-4. Tema. Die verhouding tussen ouers en kinders. Maak gebruik van die vyf stappe metode. Maak aantekeninge.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Sluit die notas oor aanbidding, stiltetyd, onderrig asook hierdie voorbereiding daarby in.